# MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# AFRIKAANS HUISTAAL

## EERSTE VRAESTEL
## SEPTEMBER 2009

**TYD: 2 UUR**

**PUNTE: 70**

| | |
|---|---|
| **MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS** | |
| **VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2009** | |
| **AFRIKAANS HUISTAAL** | **EERSTE VRAESTEL** |
| **TYD: 2 UUR** | **PUNTE: 70** |

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1) Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A : | KYK EN LEESBEGRIP | (30 PUNTE) |
| AFDELING B : | OPSOMMING | (10 PUNTE) |
| AFDELING C : | TAAL | (30 PUNTE) |

2) Beantwoord ALLE vrae.
3) Nommer die antwoorde korrek soos op die vraestel.
4) Nommer in die middel van die bladsy en laat 'n reël oop tussen jou antwoorde.
5) Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
6) Skryf netjies en leesbaar in blou ink.

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**
**VRAAG 1: RESENSIE, ADVERTENSIE EN SPOTPRENT**

**Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae; nommer alle antwoorde in die middel van die bladsy; laat 'n reël tussen die antwoorde oop.**

# Reënbooggoud 'n rukkie rêrig

**DRAMA**
**Slumdog millionaire**

**Ster-Kinekor**
**Jacques Liebenberg**

1 Dit bly maar een van daardie wonderlike, onverklaarbare fenomene van die rolprentbedryf: Hoekom, wanneer daar twee of drie of vier flieks is wat as ewe goed beskou kan word, stap die een met al die pryse weg?

2 Want die bekroonde *Slumdog millionaire* met sy aspoestertjie-agtergrond is nie noodwendig 'n beter fliek as Clint Eastwood se *Changeling*, Darren Aronofskry se *The wrestler* of Stephen Daldry se *The reader* nie. Tog gryp dit die verbeelding aan en mense swig voor dié moderne fabel se sjarme. Dalk is dit juis dié fantasie-element, die onderliggende besef van 'n gunstige uitkoms, kom wat wil, wat van *Slumdog* 'n treffer maak.

3 Gooi daarby die charismatiese kinderakteurs, die broodnodige balans tussen drama en komedie en, oudergewoonte, 'n strokiesboek-liefdesverhaal, en 'n mens sit met *Titanic* in Indië se krotbuurte. Gelukkig is *Slumdog*, wat eweneens 'n blik op hedendaagse Indië is, darem strate beter as dié ramp.

4 Die fliek is gegrond op Vikas Swarup, Indië se onder- hoë kommissaris in Suid-Afrika, se debuutroman *Q&A*. Die draaiboek deur Simon Beaufoy is 'n meesterstuk, want dit hou die kyker vir driekwart van die fliek aan die raai en dis eers teen die einde dat 'n mens agterkom waarheen hy en Danny Boyle, regisseur, op pad is. Soos 'n kollega laat val het: Sy's al huppelende by die teater uit.

5 Die hoofkarakter is die krotbuurttiener Jamal Malik (Dev Patel) wat deur die polisie ondervra word nadat hy tot die eindronde van die Indiese weergawe van *Who wants to be a millionaire?* deurdring. Die polisie kan nie glo hy kul nié, maar wat sy ondervragers nie besef nie, is dat Jamal se grootwordjare hom as't ware vir die vasvraprogram voorberei het.

6 Dis tegelyk 'n dramatiese en snaakse reis deur Jamal se kinderjare; vir elke ontstellende toneel is daar 'n komiese een en die kyker kry vanweë Boyle se doller-as-kop-af-pas nie kans om te mymer nie. Sy visuele aanslag is oordadig en herinner aan Fernando Meirelles se ewe versadigde beelde van die Derde Wêreld in *The constant gardener*. Maar, anders as laasgenoemde, word die ongelykhede in die samelewing terloops opgehaal.

7 *Slumdog* is 'n moderne sprokie; Skoonlief en die inbelsentrum-ondier en hoe hulle vir altyd gelukkig saamleef.

8 Dis pret; dit laat jou 'n bietjie dink; dit laat jou (vir twee uur) glo aan die pot goud aan die einde van die reënboog.

**Hoofspelers: Dev Patel, Freida Pinto, Anil Kapoor, Irrfan Khan en Madhur Mittal.**
**Ouderdomsperk: 13G Tydsduur: 120 min.**

*Verwerk uit: Beeld, 6 Maart 2009*

1.1 Wie is die teikengroep van hierdie skryfstuk? (1)

1.2 Die opskrif het betrekking:

1.2.1 Wat dink u bedoel die resensent met hierdie opskrif? Skryf EEN sin. (1)

1.2.2 Die resensent spreek gewoonlik 'n waardeoordeel uit. Herlees die opskrif en die laaste paragraaf en skryf EEN sin oor hoe die resensent oor die film voel. (1)

1.3 Hoe word paragraaf 1 en 2 geskakel? Kies die korrekte antwoord en skryf net die nommer van die antwoord neer en motiveer jou antwoord.

A: Aaneenskakelend
B: Redegewend
C: Oorsaak en gevolg
D: Teenstellend (2)

1.4 Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met "'n gunstige uitkoms" (paragraaf 2) (1)

1.5 "Dalk is dit juis dié fantasie-element, die onderliggende besef van 'n gunstige uitkoms, kom wat wil, wat van *Slumdog* 'n treffer maak." (paragraaf 2) Dui aan of hierdie stelling 'n feit of 'n mening is en motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Wat word geïmpliseer as in paragraaf 3 gesê word : "Gelukkig is *Slumdog* ... darem strate beter as dié ramp."? (1)

1.7 Wat word bedoel met "debuutroman" in paragraaf 4? (1)

1.8 Verduidelik in u eie woorde wat (volgens paragraaf 4) die aandeel van Simon Beaufoy t.o.v. die film was. Skryf een sin. (1)

1.9 Word die volgende denotatief of konnotatief bedoel: "Soos 'n kollega laat val het ..." (Paragraaf 4) (1)

1.10 Waarna verwys <u>Dev Patel</u> tussen hakies in paragraaf 5? (1)

1.11 Verklaar wat bedoel word met die frase "doller-as-kop-af-pas" in paragraaf 6? (1)

1.12 In paragraaf 6 word genoem van ongelykhede in die samelewing. Gee een woord uit paragraaf 3 wat op 'n ongelykheid in die samelewing dui. (1)

1.13 Beskryf die tipe styl en trant en evalueer die gepastheid van die trant. (2)
[17]

**EN**




# Sommige mediese fondse verdien jou nie.

Om 'n mediese fonds te kies, is soos om die regte lewensmaat te vind. Jy wil weet dat "jou ander helfte" altyd daar sal wees vir jou, wanneer dit goed of sleg gaan, of jy nou siek of gesond is. (Of, soos die oumense sê, vir botter en vir wors.) Hier by Fedhealth maak ons net beloftes wat ons kan nakom.

**Sal jou mediese fonds:**

- 3 Maal die mediesefondstarief uitbetaal en geen by-betaling afdwing nie
- Onbeperkte hospitaaldekking bied ongeag jou spesifieke opsie
- Jou troeteldiere dek teen ongeluk-verwante beserings
- Nie voorskryf watter dokters en hospitale jy moet gebruik nie
- Ongevallebehandeling uit risiko betaal, en nie jou spaarrekening nie
- Studente dek teen kinder-tariewe totdat hulle 27 is?

**As jy NEE! uitroep, selfs net een keer, skakel ons.**

**Ontdek die ware mediese fonds. Kry Fedhealth.**

**Skakel Fedhealth Direct by 0860 REAL AID/7325 243**
**of sms nou jou naam na 32199.**

Ware Mediese Fonds

FEDHEALTH

www.fedhealth.co.za

*Uit: Huisgenoot, 12 Maart 2009*

Lees die advertensie op die vorige bladsy en beantwoord die vrae:

1.14 <u>Lees net die teksboodskap</u> (r.1-5). Wat is die geïmpliseerde betekenis van "ons" (r.4)? (1)

1.15 Herlees die <u>hele advertensie</u>. Wat is nou die geïmpliseerde betekenis van "ons" (r.4)? (1)

1.16 Waarmee word 'n mediese fonds vergelyk volgens die teks? (1)

1.17 Hoekom word "jou ander helfte" tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

1.18 Watter taalverskynsel kom voor by "vir botter of vir wors" (r.9)?
Kies een van die volgende:
* Kontaminasie
* Pleonasme
* Volksetimologie
* Toutologie (1)

1.19 *Fedhealth betaal alle hospitaalonkostes.* Stem jy saam met hierdie stelling? Haal 'n frase aan om jou antwoord te bewys. (2)
[7]

**EN**




*Uit: Beeld, 21 Feb. 2009*

*Uit: Beeld, 21 Feb. 2009*

**1.20 Wat word die persoon genoem wat die man bedien? (1)**

**1.21 Waarna verwys sy as sy praat van 'n "zolletjie"? (1)**

**1.22 Waarvoor staan die afkorting SAL? (1)**

**1.23 Volgens die HAT is kattekruid 'n aromatiese plant wat as geneesmiddel teen borsaandoeninge gebruik word. Hoekom, dink u, vra die katjie vir kattekruid? (1)**

**1.24 Watter emosie word oorgedra deur die passasiers se gesigsuitdrukkings? (1)**

**1.25 Waarmee spot dié spotprent? (1)**
**[6]**

**TOTAAL AFDELING A : 30**

## AFDELING B - OPSOMMING

In die onderstaande uittreksel van 'n artikel gee 'n sielkundige 'n aantal lewenslesse; sy wens alle mense het dit geweet.

Som hierdie lesse in TWEE paragrawe op. Die eerste paragraaf moet vier lesse bevat wat ons uit die natuur kan leer, en die tweede paragraaf drie algemene lesse wat die sielkundige self aan die hand doen.

Jou opsomming mag hoogstens uit 80 woorde bestaan.

**LET WEL:**

- **Jou sinne moet volsinne wees.**
- **Moenie telegramstyl gebruik nie.**
- **Dui die aantal woorde wat jy gebruik in hakies onder jou opsomming aan.**

## "Ek wens ek het geweet ........"

Die mensdom maak oor en oor dieselfde foute – amper soos 'n donkie wat sy kop aanhoudend teen dieselfde klip stamp.

Ons glo maar te dikwels ons situasie of probleem is uniek. Daarteenoor kry diegene by wie ons vir raad aanklop, makliker 'n geheelbeeld van die tipiese foute wat mense keer op keer maak en wat uiteindelik tot soveel probleme aanleiding gee.

Ons het 'n kenner gaan vra wat sy wens alle mense het geweet om te keer dat hulle dieselfde foute as soveel mense voor hulle maak.

Dr. Louise Olivier, 'n kliniese sielkundige van Pretoria, sê sy wens dikwels mense het geweet wat die natuur reeds weet.

"Ek wens mense kon meer tyd in die natuur deurbring om die basiese lewenslesse van die natuur onder die knie te kry."
"By roofdiere soos die leeu kan ons byvoorbeeld leer dat ons beplanning, geduld en tydsberekening nodig het om 'n taak suksesvol uit te voer. Die visarend leer ons dat dit wyser is om 'n maat vir 'n leeftyd te hê, want dan kan ons saam aan iets bou en dit onderhou."
"Die rooiborsie sing elke oggend en is vrolik en bly ongeag hoe swaar dit in sy lewe gaan. Ons honde bly lojaal en liefdevol, ten spyte van ons slegte buie of negatiewe eienskappe."
"Die magtige olifant is in wese 'n sagte, lieftallige dier, wat hy weet hy word gerespekteer en hoef nie voortdurend sy krag te vertoon nie."Dr. Louise wens ook sy kon mense laat besef hulle moet vir vandag leef en nie vir môre of in die verlede nie. "Moenie vandag opmors omdat jy jou bekommer oor wat môre kan gebeur nie. Spreek liewer wat ook al môre kan gebeur aan wanneer dit gebeur. Moet ook nie vandag vermors deur die verlede te probeer herleef of daarna terug te verlang nie. Wat verby is, is verby, maar vandag is daar om te geniet, om te verander wat verander moet word, om ons geliefdes te wys dat ons omgee, om ons vermoëns te gebruik en om tussenin pret te hê!"
Sy wens ook sy kan by alle mense tuisbring hoe belangrik dit is dat hulle gebalanseerd moet leef, sê dr. Louise. "Dit is die kern van goeie fisieke en geestelike gesondheid. Dit beteken daar moet 'n tyd wees vir jou werk, jou gesin, jou sport of stokperdjie, jou maat, jou geloof, jouself, jou geestelike gesondheid en vir vakansies."
Sy wens ook meer mense het geweet hoe belangrik dit is om 'n punt te maak om gereeld (so elke ses tot agt weke) 'n "pretnaweek" alleen saam met hul maat deur te bring, veral as hulle kinders het.
"Kinders is nie die kern van 'n verhouding tussen maats nie, maar die planete wat om die verhouding roteer. Dus moet daar voortdurend aan die primêre verhouding gewerk word en daar moet tyd vir binding wees waar julle net op mekaar kan fokus en nie op die kinders of daaglikse take nie."

Verwerk uit: *Vrouekeur, 30 Januarie 2009*

**AFDELING C : TAAL IN KONTEKS**

**VRAAG 3: Beantwoord hierdie afdeling aan die hand van die gegewe leesstuk. Jy hoef nie eers al die tekste deur te lees nie.**

1. Dis die einde van die wêreld .......... soos ons hom ken.
2. Die slagspreuk het tydens die afgelope klimaatberaad in Midrand seker die grootste indruk op mense gemaak.
3. Waar dié soort gesprekke in die verlede gehandel het oor veraf bedreigings van storms en droogtes, siektes en kusstede wat onder die see gaan verdwyn, is dit net hierdie keer nouer getrek om Suid-Afrika en is brood-en-botter-sake bespreek.
4. In een sessie het 'n vrou byvoorbeeld opgestaan en aan 'n (3.2) wetenskaplikes gevra of hulle geweet het die rooivleisbedryf is verantwoordelik vir 80% van alle kweekhuisgasse wat vrygestel word. "Moet ons nie almal vegetariërs word nie? Ons wil mos almal die planeet red," het sy gevra. Die wetenskaplike aan wie die vraag gestel is, het ongemaklik rondgeskuif, gelag en verleë gesê: "Maar stel mense wat rooivleis eet, dan ook metaan vry?"
5. 'n Kollega het tot haar redding gekom en gesê: Nee, nee .... dis die beeste, bokke en skape wat dit vrystel."
6. Sy was nie seker of dit wel 80% is nie, maar die kollega het dit bevestig. Hy verduidelik toe, metaan is 23 keer kragtiger as koolstofdioksied.

7. Die vrou in die gehoor het op 'n antwoord aangedring en weer gevra: "Is julle bereid om ter wille van die planeet vegetariërs te word?"
8. Die twee wetenskaplikes, wat albei baie nou by klimaatnavorsing betrokke is, het die vraag ontduik. Een van die twee – waarskynlik 'n (sweer) rooivleiseter – het gesê: "Dit is 'n baie ingewikkelde kwessie." Geen reguit antwoord dus nie.
9. Teetyd gesels ek en 'n Deense amptenaar oor die opofferings wat mense al moet maak om klimaatsverandering te versag. Hy vertel in Denemarke eet die mense wel rooivleis – hoewel heelwat minder as vroeër jare – maar hulle het die diere se voedsel aangepas sodat hulle minder metaan vrystel.
10. "Ja," sê hy toe, "dis goed en wel om oor wetenskap te praat en resultate op die tafel te sit, maar dis 'n ander ding om self opofferings te maak. Ons is almal in hierdie ding en sal veranderings aan ons leef-(styl/steil) moet maak," gesels hy voort.
11. Die tafels om ons kreun onder die kos.
12. <u>En die tafels is toe onder brosjures, stapels wit papier en pamflette.</u>
13. Die inligting oorweldig 'n mens en jy raak gou suf van al die statistieke, bevindings, verslae.
14. Ná die pouse druk 'n man wat waarskynlik aan 'n nie-regeringsorganisasie behoort, 'n pamflet in my hand. Hy vra of ek geweet het Leonardo da Vinci was 'n vergetariër. "Nee ek het nie" antwoord ek.
15. En toe rammel hy nog name af. <u>Ek hoor, maar luister nie meer nie, want my kop – wat 'n denkskuif moet maak – is propvol ander inligting.</u>
16. Toe ek die aand huis toe ry, dink ek oor die (ingryp) veranderinge wat ons sal moet maak. Ons hoef seker nie almal vegetariërs te word nie, maar ons kan dink oor wat ons eet en in gedagte hou hoe dit die omgewing raak.
17. En ek wonder oor groot konferensies, soos dié pas afgelope een, en wonder oor die massiewe koolstofvoetspoor wat ons agtergelaat het en of ons nader aan oplossings beweeg het.
18. Honderde mense het in vliegtuie hierheen gevlieg om te beraadslaag oor hoe ons die aarde gaan red. Ons het in lugverkoelde raadsale gesit en water uit plastiekbottels gedrink.
19. Saans het werkers vol swartsakke in vullisblikke leeggemaak.
20. Dis 'n groen konferensie, verseker die Suid-Afrikaanse department van omgewingsake en toerisme se amptenare my. Alles word herwin en die krag is groen.
21. Ons is oorlaai (3.16) inligting. Niks het inmekaargepas nie. Alles klink vergesog. Daar is soveel gapings.
22. Daar is hoop as ons aanpas, anders leef, as alles nie net by (3.18 voorneem) bly nie. <u>Wat om die draai op ons wag,</u> klink na 'n hoofstuk uit 'n sprokie.
23. Intussen spoel groot dele van Soweto weg, brand die berge in Stellenbosch en Somerset-Wes en (lei/ly) miljoene Suid-Afrikaners elke dag honger.
24. En ons?
25. Ons werk, eet en drink en is vrolik tot die volgende klimaatkonferensie.

Uit: *Beeld, 7 Maart 2009*

3.1) Die uitdrukking "brood-en-botter-sake" (paragraaf 3) het betrekking. Gebruik 'botter' as sleutelwoord en vorm 'n idioom wat beteken: om kontant te betaal. (1)

3.2) Vul die korrekte ontbrekende versamelnaam in paragraaf 4 in. (1)

3.3) Lees weer die <u>eerste sin</u> van paragraaf 4. Skryf die vraag wat die vrou gevra het in die direkte rede. Begin jou antwoord met: Die vrou het gevra ............ (1)

3.4) Skryf slegs die meervoud neer van 'kollega' (paragraaf 5). (1)

3.5) Wat is die woordsoortelike funksie van die postmorfeem/agtervoegsel in die woord 'redding' (paragraaf 5)? (1)

3.6) Gee die <u>antoniem</u> van die woord 'bevestig' (paragraaf 6). (1)

3.7) Skryf die korrekte vorm van die deelwoord (sterk verlede deelwoord!) in paragraaf 8 neer. (1)

3.8) Bestudeer die onderstreepte sin in par. 15. Is dié onderstreepte deel 'n saamgestelde, veelvuldige of enkelvoudige sin? (1)

3.9) Kies die korrekte woord in paragraaf 10 en skryf dit neer. (1)

3.10) Die woord 'kreun' (paragraaf 11) het betrekking. Gebruik dit denotatief in 'n sin. (1)

3.11) Skryf slegs die vergrotende trap van die woord 'suf' (paragraaf 13) neer. (½)

3.12) In paragraaf 14 ontbreek twee kommas. Skryf die betrokke sin oor en plaas die kommas op die regte plek. (1)

3.13) Skryf die sin in paragraaf 19 oor in die lydende vorm. (1)

3.14) Gee die afkorting vir 'departement' (paragraaf 20). (½)

3.15) Wat is die betekenisfunksie van die premorfeem/voorvoegsel van die woord 'herwin' (paragraaf 20)? (1)

3.16) Vul die korrekte ontbrekende voorsetsel in paragraaf 21 in. (1)

3.17) Die stamme/basisvorme van die woord 'vergesog' (paragraaf 21) is "ver" en _____. Skryf slegs die ontbrekende stam/basis neer. (1)

3.18) Lei die korrekte vorm van die selfstandige naamwoord, in paragraaf 22, af. (1)

3.19) 'n Persoonsnaam, afgelei van Stellenbosch, is <u>Stellenbosser</u> (par. 23). Wat noem ons iemand wat van <u>Europa</u> af kom? (1)

3.20) Kies die korrekte vorm uit die moontlikhede tussen hakies in paragraaf 23 en skryf dit neer. (1)

3.21) Benoem die onderstreepte bysin in paragraaf 22. (1)

3.22) Brei die onderstreepte sin in paragraaf 12 uit deur 'n <u>byvoeglike bepaling.</u> Skryf die sin neer en onderstreep die byvoeglike bepaling wat jy bygevoeg het. (1)

3.23) Vervang die woord 'suf' (paragraaf 13) met 'n emotiewe woord. (1)

3.24) Bestudeer par. 20. Slegs EEN hulpwerkwoord kom in die paragraaf voor. Skryf dit neer. (1)

[23]

## VRAAG 4: ADVERTENSIE

4.1) Pas die opskrif aan sodat die sin in die gebiedende wyse staan. (1)

4.2) Aan die einde van paragraaf 1 (in r.4) word die woord 'reling' gebruik. Gebruik die woord 'reëling' in 'n verhelderende sin. (1)

4.3) In die tweede paragraaf van die advertensie ontbreek 'n skryfteken. Skryf die betrokke woord korrek oor. (1)

4.4) Skryf die verkleiningsvorm van die woord 'weerkaatsings' (paragraaf 2) neer. (1)

4.5) Vorm van die woord 'kwotasie' (paragraaf 4) 'n werkwoord en gebruik dit dan in 'n verhelderende sin. (1)

4.6) Skryf 'n woord uit r. 1-7 (van die advertensie) neer wat "swierig" beteken. (1)

4.7) Lei 'n persoonsnaam af van "produkte" (r.8). (1)

[7]

**GROOTTOTAAL AFDELING C : [30]**




**B**eheer die lig wat 'n vertrek binnekom, u privaatheid en u uitsig met sjiek, duursame Venesiese blindings van Taylor. Die aluminium hortjies is beskikbaar in drie wydtes in verskeie kleure, metaalkleure en patrone, afgerond met 'n bypassende reling.

Blindings is 'n praktiese alternatief tot gordyne, en help ook om weerkaatsings op rekenaar en TV-skerms uit te skakel.

Taylor vervaardig reeds top-gehalte blindings sedert 1959. Ons bied 'n wye reeks produkte om u dekor en begroting te pas, vir 'n professionele ontwerpersvoorkoms.

Kry die beste – vra u handelaar vir Taylor blindings, of skakel ons vir 'n gratis kwotasie.

# TAYLOR

**VOORRAADSKIPSTRAAT 83,**
**HONEYDEW UITBREIDING 20**
**TEL 011 794 1743 * FAKS 011 794 5145**

*Die beste gehalte blinding!*